



Hoërskool *Jim Fouché*



VOLUME 25

SEDERT 1959

*

SAAI OM TE OES

22 OKT 2026



OKT

17

JF-JP BOTHA
ATLETIEK

VAT VLAM

24

26

EKSAMEN
BEGIN

Volg JF
SOSIALE
MEDIA

op Facebook @JFamptelik

op TikTok @jfamptelik


op Instagram @jfamptelik

#DROOMGROOTDROOMJF

www.jf.co.za

2026 Oktober



MAANDAG	DINSdag	WOENSDAG	DONDERDAG	VRyDAG	SATERDAG	SONDAG
5 	6 SKOOL BEGIN	7 Koshuis: Kersete	8 Matriek: Groetaand	9 Saal: Matriek laaste dag. VRL-kamp / Landsdienskamp / Voortrekkers vlotkamp	10	11
12	13 MATRIEK: Eksamen RTT PRAKTIES	14	15 MATRIEK: Eksamen	16	17 Atletiek: JF - JP Botha byeenkoms	18
19 	20 18:00 - Prysuitdeling by Doxa Deo	21 Netbal: Aandliga	22 	23  Kerssangdiens	24 	25 
26 EKSAMEN BEGIN GR 10 & 11	27	28 	29	30 Voortrekkers Prysuitdeling 	31	

24 ORT 2026

Die Piesangskille



HOËRSKOOl JIM FOUCHE

**Volwasseenes: R 150
Leerders: R 100
Voorskool: Gratis**

- 🔥 Hekke open om 16:00 - Ingang Begonia en Wildeals str.
- 🔥 Parkering op Laerskool Jim Fouché rugbyveld beskikbaar Ingang Wildeals str.
- 🔥 Piesangskille begin om 19:00
- 🔥 Braaivleisvure
- 🔥 Piekniekmandjie welkom, onthou kampstoel
- 🔥 Stalletjies beskikbaar vir eet- en drinkgoed
- 🔥 Pretpark vir kinders

Hoërskool
Jim Fouché



Kaartjies beskikbaar op Quicket
Kaartjies by hekke ook beskikbaar

Vir meer inligting, kontak: Merice - 063 202 6387/ bemarking@jff.co.za

CLASS OF 2026

YOUR LAST SCHOOL EXAM. GIVE IT YOUR BEST!

Dear Class of 2026,

You have come too far to give anything less than your best. As you prepare for your final school examinations, make every day of preparation count and every answer reflect your effort.

Walk into that examination room with courage. Stay focused, believe in yourself and finish with pride.

Your dreams deserve your commitment.

**I believe in you.
Make this final chapter
your finest!**

Your Servant,
MR DS Moloi
District Director

Consistency Breeds Excellence. Consistency Sustains Success.



Eksamenrooster – November

DATUM	GRAAD 8	GRAAD 9	GRAAD 10		GRAAD 11	
			Oggend	Middag	Oggend	Middag
26/10			Eng P2 (2)	Eng P3 (2½)	Afr V2 (2½)	
27/10			Afr V1 (2)		IGO V1 (2½)	LO (2½)
28/10			RTT V2 (2½)		RTT Prakties (3)	
29/10			Afr V2 (2½)		VBS (3) Geo V1 (2½) Drama (3)	
30/10			RTT Prak (3)	LO (2½)	Eng P2 (2)	Eng P3 (2½)
2/11	NW Materie (1)	LO (2)	Rek V1 (2) Gesk (3)	IGO V1 (2)	LWet V1 (2½)	Afr V3 (3)
3/11	VERKIESING					
4/11						
5/11						
6/11	Wisk V1 (2)	SW Gesk (1½)	FWet V1 (3)	Afr V3 (3)	LWet V2 (2½)	Afr V1 (2)
9/10	Wisk V2 (2)	Teg (2)	FWet V2 (3)	Vis Kuns (3)	Rek V1 (2)	Toerisme (3)
10/11	LO (1½)	SK (2)	Rek V2 (2) Geo V1 (2½)		IGO V2 (2½)	
11/11	SW Gesk (1½)	Afr (2½) GEC	Eng P1 (2)		Rek V2 (2)	
12/11	Eng (1½)	SW Geo (1½)	Best (2)		Eng V1 (2)	
13/11	EBW (1½)	Wisk V1 (2½) GEC	Wisk V1 (2) Wisk G V1 (1½)		Wisk V1 (3) Wisk G V1 (2)	
16/11	NW Lewe (1)	Wisk V2 (2½) GEC	Wisk V2 (2) Wisk G V2 (1½)		Wisk V2 (3) Wisk G V2 (2)	
17/11	Teg (1½)	EBW V1 (2) GEC	Ekon V1(2) LWet V1 (2½)		Geo V2 (2½) Musiek V1 (3) Drama (3)	Musiek V2 (1½)
18/11	Afr (2)	Eng (2½) GEC	Toerisme (2½) Musiek V1 (2½)	Musiek V2 (1½) IGO V2 (2)	RTT V2 (3)	
19/11	SK (1)	NW (2) GEC	Ekon V2 (2) LWet V2 (2½)		Best (2½)	
20/11	SW Geo (1½)	EBW V2 (2) GEC	VBS (2½) Geo V2 (2½) Drama (3)		FWet V1 (3) Kuns (3)	
23/11					FWet V2 (3)	
24/11					Wisk Xklas G12 sillabus 8:00 – 13:00	
25/11					Wisk Xklas FWet Xklas G12 sillabus 8:00 – 13:00	
26/11					FWet Xklas G12 sillabus 8:00 – 13:00	

Sterkte, leer hard!



2027

BEGROTINGS- VERGADERING

DIE JAARLIKSE BEGROTINGSVERGADERING
VIND OP DIE VOLGENDE DATUM PLAAS:

DATUM: 29 OKTOBER 2026
TYD: 18:00
PLEK: SKOOLSAAL



*U teenwoordigheid is van uiterste belang en sal waardeer word.
Die begroting sal 14 dae voor die vergadering by die skool ter insae wees.*



Hoërskool Jim Fouché

KENNISGEWING AAN OUERS: JAARLIKSE BEGROTINGSVERGADERING

Geagte Ouer/Voog

Ingevolge artikel 38 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996, gee die beheerliggaam van Hoërskool Jim Fouché hiermee kennis van die jaarlikse begrotingsvergadering vir ouers.

Datum: 29 Oktober 2026
Tyd: 18:00
Plek: Skoolsaal

By hierdie vergadering sal die voorgestelde begroting vir die 2027 finansiële jaar aan alle ouers voorgelê word vir oorweging en goedkeuring. Die begroting weerspieël die beraamde inkomste en uitgawes van die skool vir die komende jaar en is van deurslaggewende belang vir die doeltreffende funksionering van die skool.

Die 2027 voorgestelde begroting volg na 'n deurdagte begrotingsproses. Inkomste (skoolfonds, koshuisfooie, staatsbefondsing en andere) en uitgawes (salarisse, akademie, sport, kultuur, leerderondersteuning, administrasie, grond en geboue, kapitaalprojekte, munisipale dienste, bemarking en koshuis) vir 2027 sal na raming R37.076 miljoen respektiewelik beloop.

Ten einde die begroting te befonds sal die volgende voorgestelde fooie vir 2027 ter tafel gelê word:

2026 Skoolfonds		2027 Voorgestelde Skoolfonds	
Graad 8 tot 11:	R2 520.00 per maand vir 11 maande	Graad 8 tot 11:	R2 760.00 per maand vir 11 maande
Graad 12:	R2 570.00 per maand vir 11 maande	Graad 12:	R2 810.00 per maand vir 11 maande
2026 Koshuisfooi		2027 Voorgestelde Koshuisfooi	
R3240.00 per maand vir 12 maande		R3 500.00 per maand vir 12 maande	

Skoolfonds verhoog dus met R240.00 per maand per leerder en koshuisfooie met R260.00 per maand per leerder.

Die volledige voorgestelde begroting sal vanaf 14 Oktober 2026 by die skoolkantoor vir insae beskikbaar wees.

'n Korum van minstens 10% van die ouers word vereis vir hierdie begrotingsvergadering. Ons doen 'n ernstige beroep op alle ouers om hierdie belangrike vergadering by te woon en aktief deel te neem aan die besluitnemingsproses. Die besluite wat geneem word, het 'n direkte invloed op die gehalte van die onderrig en die beskikbaarheid van hulpbronne aan ons leerders.


Ons sien daarna uit om u by die vergadering te verwelkom en waardeur u betrokkenheid by die skool se sake.

Vriendelike groete

Mnr. Rian Marais
Voorsitter: Beheerliggaam
Hoërskool Jim Fouché
22 September 2026



Finansies:



Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning en samewerking om u skoolfondsrekening op datum te hou.

Graad 8 – 11:

R27 720
R2 520 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

Graad 12:

R28 270
R2 570 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

Skool se bankbesonderhede:

NEDBANK
Tjekrekening
Takkode: 198 765
Rekeningnommer: 115 333 6758
Verwysing: Gesinsnommer

Dit is baie belangrik dat u die regte verwysing gebruik ten einde die finansieskantoor in staat te stel om u betaling na u rekening te allokeer. Rekeninge word maandeliks per e-pos gestuur.

Kontroleer asseblief gereeld u staat en bring enige probleme so spoedig moontlik onder ons aandag.

Kontak Christelle Swanepoel vir enige navrae of indien u nie u rekening ontvang nie, by finans@jf.co.za

Kontak Hannelie Maritz rakende agterstallige skoolfonds by skoolfonds@jf.co.za

U gaan aan die einde van Oktober 2026 'n volledige jaarstaat ontvang. Kontroleer asseblief dat al u betalings korrek reflekteer.

Kwytskeldings 2026:

DAansoekvoms vir kwytskeldings/vrystelling sal eers in 2027 beskikbaar wees. Relevante datums sal betyds aan u gekommunikeer word.

Agterstallige skoolfonds:

Die skool het begrip dat onvoorsiene omstandighede/uitdagings soms ontstaan en wil u verseker dat u met vrymoedigheid die skool kan kontak om te poog om alternatiewe reëlings te tref. Indien u wel 'n reëling tref versoek die skool dat u dit streng sal nakom aangesien agterstallige skoolfonds 'n daadwerklike invloed op die skool se beplanning het.

Kontak Hannelie Maritz vir enige navrae of reëlings in die verband by skoolfonds@jf.co.za.



KARRI:

Betalings vir verskeie aktiwiteite by die skool word op 'n gereelde basis op die Karri-toep gelaai. Maak asseblief seker dat u die Karri-toep gereeld besoek, en let op kennisgewings in dié verband wat per e-pos gestuur word via die toep.

Ons doen 'n dringende beroep op u om asseblief te let op die sperdatum vir elke Karri-insameling en vra u samewerking om getrou by hierdie datums te hou.

Die volgende insamelings sluit binnekort:

Beskrywing

Die Piesangskille @ JF Vat Vlam

Sperdatum vir betaling

20 Oktober 2026



Kontak Marlene Smith vir enige navrae by finansies@jf.co.za


Hoërskool
Jim Fouché



**JF / JP BOTHA
ATLETIEKBYEENKOMS**



17 Oktober 2026



PRYSUITDELING

2026



DAGBOEK DIE DATUM
DINSDAG
20 OKT
DOXA DEO
17:30 VIR 18:00

Bestel en betaal op Karri



HET JY AL JOU NUWE JF-PIN?



R80

Hoërskool Jim Fouché

BIED AAN



Die Piesangskille

24
ORT
2026



HOËRSKOOL JIM FOUCHE
SPORTGRONDE

VOLWASSENES: R 150

LEERDERS: R 100

VOORSKOOL: GRATIS

Kaartjies beskikbaar op Karri en

Quicket

- 🔥 Hekke open om 16:00 - Ingang Begonia en Wildeals str.
- 🔥 Parkering op Laerskool Jim Fouché rugbyveld beskikbaar - INGANG in WILDEALS STRAAT.
- 🔥 Sangkompetisie begin om 17:00
- 🔥 Piesangskille begin om 19:00
- 🔥 Braaivleisvure
- 🔥 Piekniekmandjie welkom, onthou kampstoel
- 🔥 Stalletjies beskikbaar vir eet- en drinkgoed
- 🔥 Pretpark vir kinders

KONTAK MERICE

☎ 063 202 6387 ✉ bemarking@jf.co.za

MA'S WAT OMGEE

U BEWAAR
ELKEEN WAT
OP U
VERTROU IN
VREDE,
DIE MENSE
WIE SE
GEDAGTES
OP U
GERIG IS.
VERTROU
DEURGAANS
OP
DIE HERE,
WANT DIE
HERE GOD
IS VIR ALTYD 'N
VEILIGE
TOEVLUG.

JES. 26:3-4



#JFbid

Beste ouers,
Kom bid saam vir ons
kinders en ons skool.

Tyd:

Woensdae

07:30 – 08:00

Plek:

JF-Konferensielokaal

VIR NAVRAE, KONTAK GERUS VIR CHRISNA BY 082 445 3477

UIT DIE KANTOOR VAN DIE

LEERDER
ONDERSTEUNING
ONTWIKKELING



'N VRIEND SE GEHEIM IS NIE ALTYD JOU GEHEIM OM TE BEWAAR NIE.

Wanneer moet jy 'n Vriend aanmeld?

Kom ons wees eerlik: Niemand wil die persoon wees wat 'n vriend verklik nie. Jy wil lojaal wees. Jy wil hê jou vriende moet jou vertrou. En jy wil beslis nie die rede wees waarom iemand kwaad vir jou is nie.

Maar wat as jou vriend se veiligheid op die spel is?

Wat as jou vriend vertel dat dinge by die huis nie veilig is nie? Wat as hy of sy aanhoudend geboelie word, dreigemente ontvang, mishandel word of so moedeloos voel dat jy begin bekommerd raak? Wat as jou vriend iets doen wat hom- of haarself of iemand anders in gevaar stel?

Dit is waar stilbly nie meer loyaliteit is nie. Wanneer moet jy hulp vra?

Praat met een van ons maatskaplike werkers wanneer:

- 'n Vriend vertel dat iemand hom of haar seermaak, dreig of mishandel.
 - Jy vermoed dat 'n vriend by die huis, by die skool of elders onveilig is.
 - 'n Vriend geboelie, afgepers, geteister of aanlyn geteiken word.
 - 'n Vriend se gedrag skielik verander en jy ernstig oor sy of haar welstand bekommerd raak.
 - 'n Vriend praat asof daar geen hoop meer is nie, of jy bekommerd is dat hy of sy hom- of haarself kan seermaak.
 - Jy vermoed dat 'n vriend iemand anders in gevaar stel.
 - Iets voel verkeerd, maar jy weet nie presies hoe om dit te verduidelik nie.
- Jy hoef nie al die antwoorde te hê voordat jy hulp vra nie. Jy hoef ook nie self te bewys dat iets verkeerd gebeur nie. As jy bekommerd is, kom praat met ons.

*Jy wil
hê jou
vriende
moet jou
vertrou.*

“Maar wat as my vriend kwaad word?”

Dit kán gebeur. Jou Vriend verstaan dalk nie dadelik waarom jy hulp gaan soek het nie. Maar onthou: iemand se moontlike teleurstelling is nie belangriker as sy of haar veiligheid nie. Om hulp te vra, beteken nie jy probeer moeilikheid veroorsaak nie. Dit beteken jy gee om. Jy hoef nie 'n probleem alleen op te los waarvoor jy nie die nodige kennis, ervaring of ondersteuning het nie.

Wat as my vriend my vra om dit geheim te hou?

Jy kan sê:

“Ek gee te veel om vir jou om dit alleen te dra. Ek wil jou nie in die moeilikheid bring nie, maar ek wil hê jy moet veilig wees. Kom ons kry iemand wat kan help.”

Moenie belowe om iets geheim te hou as iemand se veiligheid moontlik in gevaar is nie. Jy kan jou vriend se privaatheid respekteer sonder om te belowe dat jy nooit hulp sal vra nie.

Ons is hier om te help.

Ons kantoor bestaan uit drie maatskaplike werkers. Jy hoef nie te weet wie om te nader nie. Kom praat met een van ons. Ons sal saam met jou kyk wat die volgende stap moet wees.

As iemand onmiddellik in gevaar is, moenie wag tot die volgende skooldag nie. Kry dadelik hulp by 'n betroubare volwassene of die toepaslike nooddienste.

Onthou hierdie drie dinge:

1. Jy is nie verantwoordelik om jou vriend se probleme alleen op te los nie.
2. Jy hoef nie seker te wees van alles voordat jy hulp vra nie.
3. En jy hoef nie tussen 'n goeie vriend en die regte ding te kies nie.

Soms is die dapperste ding wat jy vir 'n vriend kan doen, om nie stil te bly nie.

ONTHOU: As jy besluit om nie 'n ernstige saak aan te meld nie, kan dit jou moontlik in groot moeilikheid kry. Kom maak liever by ons seker.

Praat. Meld aan. Kry hulp.

Want 'n ware vriend help jou nie net om vandag deur te kom nie — 'n ware Vriend help jou om veilig te wees.

Waardes

Dankbaarheids-Donderdag 2

NATUUR EN DANKBAARHEID

Wanneer mense moeg is, wanneer hulle wil rus... dan gaan hulle see, berge of wildtuin toe.

Niemand sê: "Ek is uitgebrand. Ek gaan winkel toe om te rus" nie. Nee, ons soek die natuur.

Iewers tussen berge en plante of sand en golwe begin jy rustiger voel. Jy kan skielik dieper asemhaal en vrede kom lê sag in jou gemoed.

Die natuur verlaag jou stresvlakke en verlig ang. Sonlig gee gratis vitamien D wat help met immuniteit en energie. Jy kan eintlik sê die natuur is God se spa.

Die skepping loof God. Dit beeld Sy karakter uit in elke fyn detail, orde, oorgloed, mag, getrouheid en skoonheid.

Tydens Jesus se intog in Jerusalem prys die mense Hom openlik, maar die Fariseërs wil hê hulle moet stilgemaak word. In Lukas 19:40 sê Jesus vir die Fariseërs: "Ek sê vir julle, as hierdie mense swyg, sal die klippe uitroep."

Kom ons wees dankbaar vir die natuur as 'n geskenk van God af. Maak gebruik hiervan. Jy hoef nie al die pad wildtuin toe te ry nie, gaan sit onder die naaste boom. Selfs net tien minute buite, sonder 'n foon, sonder geraas. Sien raak wat God vir jou gemaak het.

Psalm 23:2: "Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daarvrede is."

Here, Skepper van die hemel en die aarde, dankie vir die natuur.

Here, gee dat ons dit elke dag sal raaksien as 'n wonderlike geskenk wat U vir ons gee. Laat ons dit gebruik, maar help ons ook dat ons dit sal repekteer, waardeer en bewaar.

Dankie dat ons U grootheid asook U sagtheid daarin kan beleef. U verdien om geloof te word.

Dankie vir U seëninge oor ons.

Help ons om met dankbare harte te leef.

*Kom ons
wees
dankbaar
vir die
natuur
as 'n
geskenk
van God
af.*



Akademie

ESKOM EXPO

Charlotte Gibbens

Charlotte, 'n graad 9-leerder, het die volgende uitslae by die ISF verwerf:

*Sy is die enigste leerder wat in die Sosiale Wetenskappe-afdeling 'n GOUD verwerf.

*Beste junior projek in die Sosiale Wetenskappe-afdeling.

*Beste projek deur 'n dogter.



MATRIEKTOEKENNING



Baie geluk aan Divan Venter met dié spesiale toekenning. Hy ontvang die Wicus Smith-wisseltrofee wat elke jaar gegee word vir die matriekleerder wat die beste vordering in

Lewenswetenskappe toon. Divan het vanjaar met 12% verbeter!

Ons is baie trots op jou, Divan. Jy stel 'n goeie voorbeeld van deursettingsvermoë!



Kultuur

NASIONALE FINALE Redenaars

Joah behaal die
volgende plekke
Nasionaal:

**Kansvatter
redenaars: 7de**

Podiumpret:
Redenaars- 5de
Prosa- 4de
Poësie- 4de



Joah de Villiers

Baie geluk!

#trotsJF

Krieket

Hoërskool Punt Krieketfees in Mosselbaai

Die eerste span het 'n baie geslaagde toer na Mosselbaai onderneem en al hul wedstryde gewen.

Kolwers wat 30+ lopies in 'n kolfbeurt aangeteken het :

Eckardt Meyer (33*, 103*, 86*)

André Kleyn (50*)

Joden Vorster (103, 87)

Ruan Kleyn (40)

Hoërskool Despatch (7 paaltjies)
RPC Bridgton van Oudtshoorn (3 paaltjies)
Dalmeida HUB van Mosselbaai (274 lopies)
Hoërskool Swartland (85 lopies)

Boulers wat 4 of meer paaltjies tydens die toer geneem het:

Wihan Paulsen (6)

Jean van Schalkwyk (6)

Jarreth Scott (5)

Duan Bastone (4)

*Baie geluk, seuns
en sterkte met die
liga wat voorlê.*

#trotsJF

Krieket

STADSLIGA

Die eerste span het die Bloemfontein T20-liga met 'n wen teen Saints 2 afgeskop.

JF kolf eerste en teken 137/9 aan, waarop Saints beperk word tot 114/6. JF wen met 23 lopies.

Beste kolwers:

Nayden Viljoen 33

Benco Olivier 20

Franco de Necker 16

Beste boulers:

Johan van Dyk 2 vir 16

Jean v Schalkwyk 2 vir 26

Nayden Viljoen 1 vir 12

Baie geluk, manne!



Die tweede span het in 'n baie spannende wedstryd vir Saints 3 met 1 paaltjie geklop. Die wenlopies is van die voorlaaste bal behaal.

Saints kolf eerste en teken 132 aan. JF antwoord met 133/9.

Beste boulers:

Adriaan Engelbrecht 4 vir 17


Duan Bastone 3 vir 33

Beste kolwers:

Duan Bastone 49

AD Erasmus 22*

Baie geluk, seuns!



#trotsJF

Atletiek

AFS Versus League 1 uitslae:

1ste plek- Neldri du Toit Dogters o.18 Hamergooi- 53,09m

1ste plek- Alexander Steenkamp Seuns o.16 Hamergooi- 33,41m

1ste plek- Alexander Steenkamp Seuns o.16 Diskus- 50,10m

2de plek- Marize Opperman Dogters o.16 Gewigstoot- 10,02m

2de plek- Marize Opperman Dogters o.16 Hamergooi- 27,53m

1ste plek- Alex du Plessis 60m- 7.90

2de plek- Alex du Plessis 300m- 39,97

3de plek- Alex du Plessis 150m- 18,66

Baie geluk aan hierdie atlete!



▶▶ JF-ATLETIEK

Grey/ Oranje Atletiekbyeenkoms
uitslae:

Meisiespan: 4de plek algeheel in
die B-afdeling.

Seunspan: 6de plek algeheel
in die B-afdeling.

Hoërskool Jim Fouché behaal 'n
algehele 5de plek in die B-afdeling.

Baie geluk aan elke atleet!

Ons is saam met julle trots.

#trotsjfatletiek ◀◀◀◀◀



Baie geluk aan ons atlete met pragtige uitslae tydens die Wildeklaar Grey- Oranje Atletiekbyeenkoms!

Grey/Oranje Atletiekbyeenkoms

Dogters o. 14:

Janey Jacobs:

12de plek in Spiesgooi (29.66m)

Caralize Reyneke:

13de plek in 800m (2:45.22)

21ste in 3000m (12:43.87)

Annelle Traut:

6de plek in Gewigstoot (11.97m)

6de plek in Diskus (32.80m)

Johané Opperman:

9de plek in Verspring (3.79m)

36ste in 200m (31.53)

Leané Kieser:

28ste in 400m (1:13.84)

31ste in 200m (29.65)

Dogters o. 15:

Safiya Sampson:

6de plek in 3000m (13:32.79)

12de plek in 1500m Hindernis (06:53.04)

Dogters o. 16:

Dané Neethling:

9de plek in 200m (26.67)

10de plek in 400m (1:03.18)

Dogters o. 17:

Anri Rautenbach:

1ste plek in Hoogspring (1.74m). Anri het ook 'n spesiale medalje ontvang omdat sy 900 APE-punte vir haar item het.

Neldri du Toit:

1ste plek in Hamergooi (53.49m). Sy het ook 'n spesiale medalje ontvang omdat sy 941 APE-punte vir haar item het.

9de plek in Gewigstoot (9.18m).

Vincentia Nghonyama:

3de plek in Verspring (4.56m).

Dogters o. 19:

Danika Kotze

3de plek in 200m (27.50)

Dogters o.19: 4 x100m aflos

1ste plek (0: 57.16)

Dogters o.19: Swedish relay

10de plek (2:33.96).

Seuns o. 16:

Levis du Preez:

7de plek in Spiesgooi (47.58m).

7de plek in Diskus (40.25m).

Nico Coetzee:

15de plek in 200m (23.72)

15de plek in 400m (0:54.09)

Seuns o. 17:

Zuan Jonker:

5de plek in Spiesgooi (44.28m).

Kagisho Lesehotho

6de plek in 200m (22.11)

Seuns o. 19:

Joshua Oosthuizen:

3de plek in 200m (21.70)

5de plek in 100m (10.89)

AJ Theron:

8ste plek in 1500m (04:36.94)

9de plek in 800m (02:05.41)

Seuns o.19

4 x100m aflos

2de plek (0:43.95)

Ons is trots op julle!



AJ Theron

AJ het op 3 Oktober 2026 aan die Afrika *Laser Run*-kampioenskappe in Kaapstad deelgeneem.

Hy behaal 'n 3de plek in die o. 19-mansafdeling.

AJ het as een van drie spanlede 'n sleutelrol gespeel in Suid-Afrika se goue medalje en 1ste plek in die span-kategorie.



Mica van Wyk & Robert Biggs

Mica en Robert het op 12 September 2026 aan die SA WSKF Nasionale Kampioenskappe in Vanderbijlpark deelgeneem.

Hulle behaal die volgende uitslae:

Mica:

- Goue medalje – Kata & Kumite
- Silwer medalje – Kihon-Kumite

Robert:

- Brons medalje – Kata
- Silwer medalje – Kihon-Kumite & Kumite

Beide is gekies om Suid-Afrika in 2027 by die Wêreldkampioenskap in Japan te verteenwoordig.



Imke Cruywagen

Imke het van 28-30 September 2026 aan die SA Luggeweerskietskampioenskappe by Sentraal in Bloemfontein deelgeneem.

In die o. 14-afdeling behaal sy 'n 8ste plek. Sy is ook 'n lid van die B-span wat 'n algehele 2de plek behaal het.

Sy verwerf 'n *Expert*-wapen vir 3P asook 'n skerpskutterwapen vir 10 m. Met 'n algehele totaal van 1379 punte kwalifiseer Imke vir haar *Sporter* brons balkie.



Benedette van Tonder

Baie geluk aan Benedette met haar uitstekende prestasie in muurbal.

Na afloop van 'n jaar se kompetisies en prestasies het Benedette die 9de plek op Suid-Afrika se Top 10-ranglys vir o. 19-meisies behaal.



Katellynn Muller

Katellynn het op 3 en 4 Oktober 2026 aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Binnenshuise Kampioenskappe in Bloemfontein deelgeneem.

Sy verwerf 'n
1ste plek
in die o. 15-
Compound Women.



Ruwan van Niekerk & Stiaan le Roux

Ruwan en Stiaan het op 2-3 Oktober 2026 aan die Suid-Afrikaanse Vrystyl Jeugkampioenskappe en Presidente by die UCT-sportsaal in Kaapstad deelgeneem.

Ruwan van Niekerk:


- Goue medalje – o. 15 Vrystyl, 55 kg.

Stiaan le Roux:

- Silwer medalje – o. 15 Vrystyl, 71 kg.
- Gesamentlike brons medalje – Vrystyl Presidente.



Ruwan het ook gekwalifiseer om Suid-Afrika van 4-6 Desember 2026 tydens die Statebond-Stoeikampioenskappe (Commonwealth Wrestling Championship) in Polokwane, Limpopo, te verteenwoordig. Hy sal in die Grieks-Romeinse styl (o. 17, 55 kg) deelneem.



Foester

Die storie agter

Volg ons op



VRL 2027 KAMP





Easter F

...e anter die stories

Volg ons op



MATRIEK GROET



«« <https://www.jfoester.co.za>.



Joester F

ter die stories

Volg ons op



◀◀ <https://www.jfoester.co.za>



Oester J

Die storie agter die stories

Volg ons op



Skrywer:
Driaan Liebenberg

MELODRAAAAAMA

Het jy al ooit gewonder hoe juffrou Isabel sal lyk as sy Taylor Swift sing? Of hoe meneer Taylor sou vaar as hy Pink Pony Club sou moes opvoer? Goeie nuus, jy hoef nie meer te wonder nie! JF se Melodrama het hierdie jaar 'n groot terugkeer gemaak. Die onderwysers het weke lank gewerk om vir ons 'n wêreldklasproduksie op die planke te bring.

Daar was baie verrassings. Wie het byvoorbeeld gedink juffrou Elderie kan so 'n diva wees? Eintlik het die hele Taylor Swift-cast die gehoor na hul asems laat snak! Die aand het baie verskillende temas gehad. Die onderwysers was haaie en dinosourusse, swemmers en popsterre. En elke een het behoorlik geskitter!

Daar was 'n klomp hoogtepunte van die aand, byvoorbeeld die onderwysers wat, sonder 'n backtrack (!) 'n lied van Adele opgevoer het, met onder andere meneer Donnavan op die dromme, juffrou Ilse wat sing, en juffrou Isabel op die klawerbord. Maar van wat ek gehoor en gesien het, was die hoogtepunt juffrou Leta, wat 'n uitstekende vertoning in die klaskamer uitgebeeld het as DIE Afrikaanse onderwyser!

Kortliks was die aand een om te onthou, een vol talent en vermaak. Ons sal beslis nooit weer ons onderwysers vlak kyk nie!



SLUITKASSIE VIR

2027

Indien 'n leerder 'n sluitkassie vir 2027 wil bespreek, MOET die betaling die bespreking vergesel.

**Beperkte aantal
kassies
beskikbaar!**

Leerders wat in 2026 'n sluitkassie gehad het en DIESELFDE sluitkassie vir 2027 wil bespreek, moet dit teen 23 Oktober 2026 bespreek en betaal.

Vanaf 26 Oktober 2026 word die sluitkassies oopgestel vir alle leerders.

Die koste per sluitkassie is R350-00 vir die jaar. SLEGS kaartbetalings of kontant asseblief.
Geen EFT-betalings nie.

BESPREK EN BETAAL OM TELEURSTELLING TE VOORKOM

**GEEN BESPREKING SONDER BETALING SAL
GEMAAK WORD NIE!**

NUUT



Meer as 'n skool, dit is 'n leefwyse

kombers

BESTEL & BETAAL OP KARRI
130 X 150 CM



R390